DEEL 117 | WEEK 48 | 28 NOVEMBER 2025 | R5
HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Dringende herstrukturering van Heilbron Dorpwag

Heilbron gemeenskap is moedeloos met die onlangse vlaag misdaad wat die dorp meegesleur het, en is bekommerd dat misdaadsyfers – veral in Heilbron dorp – net verder sal toeneem tydens die feesgety.

Lede van die Heilbron Dorpwag het besluit, met onlangse misdaad wat so skerp toegeneem het, om die Dorpwag beheer te herstruktureer om sodoende beter diens aan die gemeenskap te kan lewer.

Die publiek (wat besighede, organisasies en inwoners insluit) word uitgenooi om by die Dorpwag aan te sluit. Daar word 'n spesiale vergadering gehou op Donderdag 11 Desember 2025 om 17h30 by die Heilbron Buiteklub, waarby 'n nuwe komitee verkies sal word. Hulle versoek graag almal se samewerking daarmee om die dorp se veiligheid op standaard te kry en die misdaad in Heilbron dorp hok te slaan. Dié diens sal meer effektief gelewer kan word hoe meer mense betrokke raak by die onderneming.

Die beheerkamer kan gekontak word vir besonderhede oor aansluiting, of vir enige verdere navrae by 058 852 1552 / 058 852 2506

**KENNISGEWING**
DORPWAG LEDE | SPESIALE VERGADERING
**DATUM:** Donderdag, 11 Desember 2025.
**TYD:** 17:30 | **PLEK:** Heilbron Buiteklub
**NAVRAE:** 058 852 1552 | 058 852 2506

## 2milj Bek-en-klou entstowwe teen Feb 2026

Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) het die regering se aankondiging verwelkom dat die hele land teen bek-en-klouseer (BKS) ingeënt gaan word. Volgens die Departement van Landbou beoog die departement om teen Februarie volgende jaar twee miljoen dosisse BKS-entstof in twee afsonderlike versendings te ontvang. Om die land se afhanklikheid van ingevoerde entstowwe te verminder, word 'n nuwe mediumskaal-entstofvervaardigings fasiliteit tans gevestig as deel van die nasionale biosekuriteits program. Die doel is dat die regering én die bedryf saam 'n addisionele 1,5 miljoen dosisse beskikbaar sal stel.

Die departement het besluit om 'n omvattende strategie te implementeer om die hele nasionale kudde te ent. Hierdie inisiatief plaas Suid-Afrika in 'n posisie om by die Wêreldorganisasie vir Diergesondheid (WOAH) aan te soek vir erkenning van "vry met inenting"-status. Die entings-strategie begin sistematies in die provinsies wat die swaarste getref is, naamlik: KwaZulu-Natal, Gauteng, Vrystaat, Mpumalanga en Noordwes. Hierdie provinsies sal hul vee getalle, asook die aantal plase onder kwarantyn, moet indien. Die sukses van die plan sal egter afhanklik wees van konsekwente, hoë gehalte entstofvoorraad.

Minister John Steenhuisen (Dept. Landbou het bevestig dat die regering nou saamwerk met Onderstepoort Biological Products (OBP) en die Landbounavorsingsraad (LNR/ARC) om formele openbare-private vennootskappe met die plaaslike industrieë en internasionale vennote te finaliseer — insluitend China en Argentinië, wat reeds tegniese samewerking en ondersteuning vir entstofvoorsiening aangebied het.

Die minister het verder beklemtoon dat die sukses van Suid-Afrika se BKS-reaksie nie net op entstowwe berus nie, maar ook op wetstoepassing. Onbeheerde beweging van diere bly die grootste enkele bedreiging vir die land se bek-en-klouseerbeheer.

Steenhuisen het herbevestig dat die departement by die boere en landbougemeenskappe sal staan gedurende hierdie moeilike tyd.







HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *16 Days of Activism*

Elke jaar van 25 November tot 10 Desember neem Suid-Afrika saam met die wêreld deel aan die “16 Dae van Aktivisme teen Geweld teen Vroue en Kinders”. Hierdie tydperk is ’n dringende roep tot aksie vir veiligheid, respek en menswaardigheid.

Die veldtog is oorspronklik in 1991 inisieer deur die Centre for Women’s Global Leadership in die Verenigde State om die wêreld bewus te maak van die wye en verwoestende impak van geweld teen vroue. Dit is begin omdat slagoffers dikwels in stilte ly, en stilbly geweld die probleem net erger maak. Die veldtog is simbolies gekoppel aan die Internasionale Dag vir die Beëindiging van Geweld teen Vroue (25 November) en die Internasionale Menseregtedag (10 Desember) om te beklemtoon dat veiligheid en vryheid van vrees basiese menseregte is. Vandag is hierdie veldtog steeds noodsaaklik aangesien Suid-Afrika steeds een van die hoogste vlakke van geslagsgebaseerde geweld wêreldwyd ervaar. Kinders en vroue bly kwesbaar vir fisiese, emosionele en seksuele mishandeling, en net ’n klein persentasie van slagoffers doen ’n klag. Die veldtog help om bewustheid te verhoog, gemeenskappe te mobiliseer en ’n kultuur van respek, geregtigheid en veiligheid te bevorder.

Geweld is enige daad waarin iemand fisiese, emosionele, seksuele of ekonomiese skade aan ’n ander doen. Dit kan ook insluit dreigemente, misbruik of beheer.

**Geweld kom in verskeie vorme voor:**

1. **Fisies:** slaan, skop, stoot, byt of brand.
2. **Emosioneel/Sielkundig:** konstante kritiek, vernedering, dreigemente of isolasie.
3. **Seksueel:** verkragting, seksuele aanranding, seksuele intimidasie of uitbuiting.
4. **Ekonomies/Finansieel:** beheer oor geld, inkomste of basiese behoeftes.
5. **Gesins-/Huishoudelik:** mishandeling binne die huis deur gesinslede.

Tekens dat iemand slagoffer is: onverklaarbare beserings, angstigheid, depressie, terugtrekking van familie en vriende, skielike gedragsverandering of beperkte toegang tot geld en hulpbronne.

**Geslagsgebaseerde geweld in Suid-Afrika**

- Ongeveer 50% van vroue ervaar geslagsgebaseerde geweld in hul leeftyd.
- Elke 3 uur sterf ’n vrou as gevolg van huishoudelike geweld.
- Ongeveer 1 uit 3 kinders ervaar fisiese of seksuele mishandeling voordat hulle 18 is.
- Net ’n klein persentasie van slagoffers doen ’n klag, wat beteken dat baie mense steeds in stilte ly.

**Wat die veldtog doen**

- **Bewusmaking:** Skole, kerke, gemeenskapsentrums en sosiale media word gebruik om mense op te voed oor geweld, gesonde verhoudings en regte.
- **Ondersteuning aan slagoffers:** toegang tot berading, veilige huisvesting en regsadvies.
- **Voorkoming:** onderrig oor gesonde verhoudings en konflikhantering.
- **Gemeenskapsbetrokkenheid:** aktiewe deelname aan projekte, optogte en veldtogte.

**Hoe jy kan help**

1. Meld mishandeling: SAPD: 10111 | Childline: 0800 055 555
2. Dra oranje op spesiale dae om bewustheid te wys.
3. Ondersteun slagoffers: luister sonder oordeel en help hulle om hulpbronne te kry.
4. Leer kinders respek en liefde sonder beheer of seermaak.
5. Sluit aan by gemeenskapsveldtogte en deel kennis op sosiale media.
6. Ondersteun organisasies wat slagoffers help, bv. Thuthuzela Care Centres en Rape Crisis.

Elke stem teen geweld, elke daad van vriendelikheid en elke stap vir geregtigheid tel. Saam kan ons ’n veiliger en meer regverdige Suid-Afrika bou. Hierdie 16 dae herinner ons dat liefde sterker is as vrees en respek die fondament van vrede.

# Evergreen Christian Academy ends year with colourful graduation celebration

On Saturday, 22 November Evergreen Christian Academy ended its school year with a fun Graduation that brought together learners, parents, and excited siblings for a day full of pride, colour and celebration. Around 80 children attended, of which 50 were enrolled Greenies and 30 were their siblings, many already eager to join Evergreen.

The ceremony opened with each class taking the stage to perform for parents, while some of their siblings in attendance joined in when they knew a song. Afterwards, everyone slipped into their graduation gowns and caps to receive their certificates, marking their readiness for “big school.” Truly a proud moment for parents and teachers alike, celebrating both growth and new beginnings.

Once formalities concluded, everyone quickly shifted to play mode. Children and parents joined in the Colour Fun, happily covering each other in clouds of paint powder, followed by Greenies swapping gowns for swimwear to cool off on water slides and a jumping castle — washing away the colour to end the day in carefree laughter and a delicious braai.

This celebration capped an important year for the academy. Evergreen moved into its new Breë Street premises on 13 October 2025, a transition that was carried out smoothly thanks to the dedication of the school’s staff.

Founders, Mr Uaiden Schoeman and Mrs Jolene Schoeman, extended their gratitude to parents and Evergreen team, stating that their teachers and staff went above and beyond to make the move seamless for the children, and continuing that their commitment and enthusiasm ensured that the graduation was not just possible, but truly beautiful.



# UIT DIE PEN: Week 48

Ek kan myself mos verluister aan mense. Eers dink ek by myself watter werk die pratertjie doen. Maar tussen die *verbale diarree* en die breinhardlywigheid sal ek sit en onbeskaamd luister.

Sy fladder soos 'n effense oorgroot feetjie die huis in. Sy was helaas 'n uur laat. Sy vloei tot waar ons dames sit. Sy gryp dadelik 'n broodbordjie en laai dit dat dit boeppens staan.

"Ek mag dit natuurlik nie eet nie. Jy weet, ek eet nou net *steel ground hawermout*. En dan eet ek dit met suiker en botter. Hulle sê mos dis goed vir jou.

“Julle, maar hierdie kaas en koekies is lekker. Julle moet die biltong proe wat ons saamgebring het. Nee, ons jag nie. Ons het dit sommer by die plaaslike slagter gaan koop. Die wonderlikste biltong. Met lekker vetjies aan. Ja, ek mag dit mos eintlik nie eet nie, maar ek gaan vandag so effens oortree.

Sy sit nog ’n koekie met brie kaas in haar mond.

“Het iemand van julle al klere by Shein bestel?”

Ek wys na my broek en my T-hemp. Ja, ek het.

“Ek moet dringend vir myself nuwe klere koop want ons seun wat in Amerika woon, kry volgende jaar in Mei graad. En dan moet ek goed lyk. Wel, met hierdie lyf weet ek nie hòè ek dit gaan regkry om goed te lyk nie. Maar ek weet nie presies hoe om te bestel nie. Julle moet my tog help, want gisteraand het ek 150 items in my mandjie gehad en ek weet nie wat om nou te doen nie.

“Die klere is altyd ’n probleem. Toe ons verlede jaar in Nederland was, het ek amper dieselfde klere saamgevat as wat ek nou aan het. Julle weet mos: die kuitlengte broek en ’n T-hemp wat tot op my knieë hang, net om van die vet toe te maak.

“En daar reën dit die hele tyd wat ons daar was. Ek het papnat gereën. Daar was later nie meer *make-up* op my gesig nie en my hare was papnat. My klere het so aan my vasgeklou. Ek kon nie klere in Nederland kry nie, want hulle nommers gaan mos net tot ’n 38, daardie mense is almal mos baie klein. Hulle het glad nie my nommer gehad nie. Al wat ek toe kon gebruik om myself warm te hou, was ’n gehekelde mantel. En ek het hierdie ding toe elke dag gedra.

“Ek mag eintlik nie nog koekies met kaas op eet nie, *jislaaik*, want ek moet maer word. Ek sê vir my man en ek moet nou iets begin doen. Maar ek gaan definitief nie Ozempic spuit nie, want ek weet nie watter newe effekte daardie spuitstof gaan hê nie. Ek lees vreeslike goed oor die internet daarvan.

“Ek weet nie van julle nie, maar ek is ’n huisvrou. Ek het altyd my eie huis skoongemaak, maar dit raak regtig moeilik. Ek het mos so ‘n rug aan my. Seker omdat ek so vet is. Maar ek kyk darem al die sepies wat daar op die TV is.

“Maar al daardie WhatsApp groepe waarop ek is, maak my regtig moeg. Daar is ’n groep wat na wegloopdiere kyk. Dis hartverskeurend. Daar is een groep wat meubels verkoop. Julle moet sien wat mense deesdae verkoop! En ek is seker dat dit daardie mense is wat nou Amerika toe gaan.

“Toe ons netnou die biltong gaan koop, kry ek my niggie se man se broer daar. Hulle het pas alles verkoop, soos in àlles, want hulle vertrek more Amerika toe. Kry vir julle nog biltong. Julle weet mos, op daardie program van Trump. Maar dis alles so in die geheim gedoen. Hulle moes lang aansoekvorms invul. Ook vir mediese ondersoeke gaan, want hulle mag nie siek wees nie. Hulle sal my mos dan nooit vat nie, want ek is regtig te vet daarvoor.

“Daar vertrek more nog 240 mense saam met die man. Hulle is net nou besig om vir almal totsiens te sê, want julle weet mos dat mense as vlugtelinge oorgaan Amerika toe. En jy mag nooit weer na Suid-Afrika toe terugkom nie. Hierdie kaas is regtig lekker. Laat ek net gou nog ’n happie kry.

“Hulle moes alles verkoop. Ag, dis soos my liewe mamma. Sy is ses jaar gelede dood, en ek kon dit nie oor my hart kry om al haar goedjies weg te maak nie. Sy het die mooiste meubels gehad, persiese tapyte, skilderye en ander ornamente. Ek het dit alles in die woonstel onder ons huis gebêre.

“Maar dit is toe wragtag soos die Bybel sê: Moenie jou goed bêre waar mot en roes dit kan verniel nie. Alles was stukkend gekou deur die goggas. Ek moet dit weggooi, maar ek weet nog nie of ek reg is daarvoor nie.

“Ek wil dit ook nie vir die kerk gee nie, want ek weet nie vir wie hulle dit gaan gee nie. Ag, dit maak ook nie meer saak nie, dalk moet ek net alles soontoe vat en klaarkry.



“Maar julle, ek verstaan heeltemal hoekom die mense nou almal Amerika toe gaan. Hierdie land is in sy peetjie. Daar is ’n Duitse vrou wat langs ons bly, en sy het spesifiek hiernatoe getrek om aan arm kinders een keer per week ’n maaltyd te verskaf. Hoekom doen ons regering dit nie? Maar nee, hulle steel mos al ons geld. Ek het vir haar gesê dat ek vir haar sal bid want ek weet nie hoe anders om haar te help nie.

“Ek weet jy en jy en jy is mos huisvrouens. Ek wou my lewe lank net babas gehad het, en toe kry ek twee kinders. Maar toe gaan werk ek by ’n Kleuterskool toe my kinders groter is. Ek moes daar ophou, want my rug kon dit nie meer hou nie.

“Maar jy doen mos sulke interessante werk? Ek is mal daaroor om na mense se stories te luister.

En ek wonder: wanneer luister sy as sy so aanmekaar praat?

# Na 'n besige en vol 2025 sluit Heilbron Huis- en Tuinbouklub hul jaar af op 'n hoogtepunt!

Met 'n besige en vervullende jaar agter die rug, sluit die Heilbron Huis- en Tuinbouklub 2025 stylvol af!

Die afsluitingsgeleentheid is toegespreek deur die bekende tuin- en landskapontwerper, David Viljoen, wie se kreatiwiteit, uitgebreide kennis van blomkuns en fyn oog vir detail die oggend onvergeetlik gemaak het. Sy inspirerende tuinontwerpe, interessante plantkombinasies en gebruik van kleur, vorm en tekstuur het die dames se verbeelding aangewakker. In die nuwe jaar sal hy voortbou op hierdie grondslag met verdere ontwerp- en beplanningsadvies rondom tuin-fokuspunte.

Die oggend was vrolik, gesellig en vol verrassings - met elke dame wat letterlik "tot in die grond" gehelp het om die dag se aktiwiteite suksesvol te maak. Hierdie funksie sou egter nie moontlik gewees het sonder die ruimhartige ondersteuning van borge nie. 'n Groot woord van dank gaan aan Goedehoop Gasteplaas, wat nie net die pragtige plaasomgewing beskikbaar gestel het nie, maar ook David se besonderse aanleg vir orangerie-ontwerp beklemtoon het. Elke dame se stoel is verder versier met 'n geskenk van Protek en Multi Green, terwyl verskeie gelukkiges pryse gewen het -moontlik gemaak deur Bonus Hardeware, Hinterland en VKB.

Die klub bedank graag ook die volgende borge vir hul voortgesette ondersteuning: Heilbron Herald, BKB, OK Minimark, Star Slaghuis, Pakworks, Monsanto Saad, Chris Buckler, Reinier Muller en Telwiedre.

Die Huis- en Tuinbouklub is tans besig met die opwindende proses om 'n Tuinbou-boek vir die Riemlandstreek saam te stel - vol praktiese wenke, plant- en boomkennis, idees en inspirasie. Vir hierdie projek word Protek, RCP, JCB en 'n anonieme donateur met waardering bedank.

Laastens, 'n opregte dankie aan elke tuinboulid vir hulle lojale bywoning, ondersteuning en saamkuier deur die jaar. Jul teenwoordigheid maak elke vergadering besonders.



*Op die foto voor vl: Mari Myburgh (Tuinbou Voorsitster), David Viljoen (Spreker), Magda Piater (Bestuurslid).*
*Agter: Sannetjie Lombard (Bestuurslid), Elbie Els (Bestuurslid), Carol Snyman (Bestuurslid), Erika Piater (Bestuurslid), Georgina Weiss (Bestuurslid) & Alta Hattingh (Goedehoop Gasteplaas).*















## Hooggelegen Geloftefees

**13, 14, 15, 16 Desember 2025**

Geleë tussen Petrus Steyn, Frankfort en Tweeling
(GPS Koordinate: S27°33.698' E28°20.729')

**Sprekers: Ds. Dawid Lessing - Sasolburg, Ds. Johan Lessing - Tweeling, Mnr. Palm Maree - Daniëlsrus**

**Saterdag, 13 Desember 2025**
09:00 Besienswaardighede - Perde ritte, Motorfietse, bakkies.
(Enige navrae kontak Tat van der Watt 082 812 4109)
16:00 Opening van Fees - Heinrich Jacobs
Verwelkoming - Albrecht Beukes
Finansiële verslag - André Viljoen
Verkiesing van Feeskommissielede 2026
Optog na Monument
Vlaghysing
Landsvlag - Albert Viljoen
Vrystaatvlag - Ina Viljoen
Transvaalvlag - Hannes Viljoen
Sing van die Stem
18:00 Feesgangers braai en kuier saam vir die res van die aand.
(Braaiers & Hout en Vuuraanstekers sal voorsien word).

**Sondag, 14 Desember 2025**
10:00 Erediens - Ds. Dawid Lessing (Sasolburg)
19:30 Praaitjie oor Fries Marmer Blad by Voortrekker Monument - Jaco Cilliers

**Maandag, 15 Desember 2025**
15:00 Boeresport - Jacobus Beukes
Waatlemoenfees na afloop van boeresport (In wit tent)
Musiek vermaak deur Tau Theron en Pieter Theron
18:00 Braaivleis en bykosse @ R60.00 vir Braaivleis en Toneel
(Bring eie eetgerei saam)
19:30 Toneel (Blink Reünie - Hentie Scheepers)
Snoepie (Tydens breuk)

**Dinsdag, 16 Desember 2025**
08:00 Vroeë biduur - Heinrich Jacobs
09:30 Geloftediens - Ds. Johan Lessing (Tweeling)
Koorsang
Lees van Gelofte
Koorsang
11:00 Toespraak - Palm Maree (Daniëlsrus)
Afsluiting - Albrecht Beukes

**Navrae: Albrecht Beukes (Voorsitter) - 073 005 8146,
André Viljoen (Sekretaris) - 079 389 2149 &
Tat van der Watt (Laer Kommandant) - 082 812 4109**

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.
Kontak gerus vir Antonio by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za





# Fratsweer slaan sentraal-Suid-Afrika:

## *Oorspoelde riviere, gevaarlike paaie en selfs ’n tornado*



*Foto erkenning: Tanya van Rooyen*

Die afgelope twee weke se hewige reën en stormweer het die sentrale dele van Suid-Afrika ongenadig getoets, met oorstromings, sterk winde en selfs ’n tornado wat buite Heilbron op video vasgevang is. Kenners waarsku dat hierdie uiterstes deel vorm van groter klimaatsverskuiwings en dat die streek hom in ’n intense oorgangstydperk bevind.

In Bethlehem het die Liebenbergsvleirivier, wat net voor die dorp invloei, sodanig gestyg dat wilgebome op die oewers halfpad bo hul wortels onder water gestaan het. Waar, in VanderBijlpark oor die Hendrik van Eck pad omstreeks 11h00 die oggend, motoriste vinnig uit hul motors moes klim as gevolg van kits vloede wat sekere paaie meegesloer het — ’n aanduiding van die enorme volume reën wat in ’n kort tyd oor die gebied uitgesak het.

**Brûe tussen dorpe gevaarlik oorspoel:**

Verskeie laagliggende brûe tussen Heilbron, Frankfort, Koppies en Petrus Steyn is oorspoel, met dik modder-afsettings op die paaie nadat die water teruggesak het. Motoriste is die afgelope week gewaarsku dat die paaie verraderlik glad is, veral waar voertuie steeds die normale hoofwegspoed probeer handhaaf.

**Pad gesluit na ernstige ongeluk op die R26:**

Op 25 November is die R26 tussen Frankfort en Reitz vir verkeer afgesluit nadat ’n klein trokkie tydens ’n hewige donderstorm in ’n ander voertuig vasgery het. Die bestuurder van die trok was in die kajuit vasgepen en moes deur brandweer- en reddingspersoneel met kragopensnygereedskap (bekend as die “jaws of life”) bevry word.

Hoewel die voorval dramaties was, is geen noodlottige beserings aangemeld nie.

**Tornado by Heilbron laat sosiale media gons:**

Op ’n plaas net buite Heilbron het ’n selfoonvideo van Tanya van Rooyen, wat duidelik ’n tornado vasvang, in ’n kwessie van ure landswyd versprei. Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het die tornado as eg bevestig, en later as ’n EF0 geklassifiseer — die laagste op die Fujita-skaal, maar steeds gevaarlik genoeg om skade te veroorsaak.

Nie so “frats” soos dit lyk nie, sê kenners

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens is hierdie uiterste weer nie toevallige vreemde uitsonderings nie, maar deel van ’n La Niña-siklus, wat tipies gepaard gaan met verhoogde reënval, meer gereelde donderstorms en groter kans op tornado’s, haelstorms en plaaslike oorstromings.

Vir baie inwoners voel hierdie uiterstes oorweldigend omdat die streek vir byna ’n dekade hoofsaaklik deur die droër El Niño-siklus beïnvloed is — jare wat gekenmerk is deur droogtes, hittegolwe en min reën.

**Klimaatsverandering versterk die uiterstes:**

Klimaatkenners beklemtoon dat, hoewel siklusse soos El Niño en La Niña natuurlik voorkom, die toenemende intensiteit en frekwensie van uiterste weerstoestande wel ooreenstem met die wêreldwye impak van klimaatsverandering.

Sentraal Suid-Afrikaanse gebiede bevind hulself nou in die realiteit van vinnig veranderende weerpatrone — ’n omgewing waar dieselfde atmosfeer wat jare lank droog was, nou meer energie, meer vog en meer onvoorspelbare uitbarstings toon.



*Op die foto bo: Hendrik van Eck Straat in Vanderbijlpark.*
*Foto erkenning: Magda De Man.*




*Foto erkenning:*
*Gerrit Scheepers (Liebenbergsvlei)*

DAGBOEK DIE DATUM
Intog na Bethlehem
29 November 2025 in Heilbron
TOEGANG GRATIS
09:00 PRETSTAP VIR JESUS
Vanaf Heilbron Suid-Kerksaal na
Huis Bron-van-Heil.
Bring ‘n ster of ‘n kruis saam, dis ‘n pretstap vir Jesus!
Pryswenner vir “Best Dressed”
Lucky Draw en medaljes vir die stappers na die tyd
Pannekoek & Koffie te koop
150x Pakkies word opgemaak vir Huis Bron-van-Heil
Indien jy ‘n bydrae of borg wil maak
skakel gerus vir Tanya 083 975 8264
18:00 DANIE BOTHA OPTREDE
GRATIS @ Heilbron Suid-Kerksaal
Besprekings Noodsaaklik
NAVRAE & BESPREKINGS
TANYA: 083 975 8264
ALET: 060 518 1775
PitStop vir JESUS



# Honouring a Legacy: A conversation with Mrs Rosie

Reflecting on 35 Years of Service at Sandersville Combined School

After an extraordinary 35-year career as both teacher and principal, Mrs Rosie Ruiters bids farewell to Sandersville Combined School — the place where she began her journey on 1 January 1991 and where she ultimately shaped generations of learners.

Teaching was not her first dream. Initially, she wanted to pursue radiology, but financial constraints made it impossible at the time. Her second choice was to join the South African Police Service, while becoming a teacher was only her third option. Yet, it was this "third choice" that grew into a lifelong calling, one that transformed an entire school and touched countless lives.

When Mrs Ruiters stepped into the role of principal in 2011, Sandersville had just 257 learners and 11 staff members. She immediately drafted a five-year growth plan — and the results far exceeded expectations. Under her leadership, the school expanded to more than 1 000 learners and 34 staff members, with seven serving on the management board. The surge in enrolment even qualified Sandersville for two Deputy Principal positions.

Her hope for the future is simple yet ambitious: that the school continues to excel. With Sandersville achieving a 90% matric pass rate over the past three years, she believes the next milestone — a consistent 100% pass rate — is well within reach. Equally close to her heart is the expansion of extramural activities to allow learners to discover and grow their full potential.

Although retiring, Mrs Ruiters has no intention of stepping away from people development. She plans to continue her own learning and self-growth, but at a pace she sets for herself — staying active, relevant, and involved.

Travel remains a pleasure, and Zanzibar is among her favourite destinations. But she emphasises that she has no plans to relocate permanently. Her heart, she says with certainty, will always belong to her hometown of Heilbron.

Mrs Ruiters acknowledges that leading a school will always come with challenges — "because you work with people," she notes — making a calm and composed character essential. Through every obstacle, she and her team have remained united, committed, and resilient.

To her successor, she offers heartfelt guidance:

• Walk your journey with God. Stay in prayer through every circumstance, seeking knowledge, insight, and wisdom.

• Be patient with parents and take the time to explain when clarity is needed.

• Develop your staff, learning each person's strengths and weaknesses.

• Work collaboratively with the Department of Education to maintain strong, positive relationships.

Above all, she reminds future leaders that learners look to their principal for advice, guidance, and emotional support — a responsibility she carried with grace throughout her career.




# Pretstap met 'n Kersfees-tema

Heilbron inwoners kan regmaak vir nog 'n pretstap op 6 Desember 2025 waar die tweede Pretstap by die Heilbron Gholfklub aangebied word. Hierdie keer is daar 'n vrolike Kersfees-tema, en deelnemers word aangemoedig om in hul beste rooi, groen en blink uitrustings op te daag en lekker gees saam te bring.

Die pretstap is 'n samesyn van – pa, ma, boetie, sussie, neefs, niggies en natuurlik ouma en oupa wat almal welkom is om die dag saam te kom geniet. Die viervoetige kinders hoef natuurlik nie tuis te bly nie en kan saam die dag kom geniet op 'n leiband.

Na afloop van die stap sal daar weer warm koffie en heerlike ontbyt te koop wees, wat die perfekte geleentheid skep vir 'n lekker saamkuier. Die dag beloof om net soos die vorige keer 'n besonder gesellige en energieke byeenkoms te wees.

Met die feestyd wat voorlê, is die pretstap 'n ideale manier om die gemeenskap bymekaar te bring en die jaar op 'n positiewe noot af te sluit. Trek dus jou Kersfeesklere aan, bring jou gesin en jou troeteldiere, en kom stap saam vir 'n oggend vol pret.




# Klub 11 sluit jaar op 'n hoë noot af

• *Laurette Naudé*

So is die jaar 2025 ook besig om ten einde te snel. Vriendinne van "Klub 11" het Dinsdag heerlik saam gekuier by Hartklop. Gebeure die afgelope jaar, lief en leed, is in herinnering geroep. Almal is dit eens dat dit groot genade is dat ons mekaar kan ken oor soveel jare heen. Ons is elkeen in mekaar se lewe vir 'n rede, so ons bede is dat ons in die komende nuwejaar gespaar sal word, daar waar ons nodig is. Oor 'n heerlike koppie tee met 'n smaakvolle koek en quiche, is ons vriendinne vreedsaam uitmekaar.



*Op die foto vl: Petro Meintjes, Laurette Naudé, Ellen Marais, Annette Germishuys, Wendy Roos, Rosa Botes, Quarta Pretorius, Magriet Booysen, Martie van Jaarsveld en Magdaleen van Rensburg. Alida Els en Julia Bester (Afwesig).*





| POSITION TITLE | Receptionist & Creditors Clerk, Pakworks (Pty) Ltd |
|---|---|
| MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS | Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies.<br>The position will report to the Finance Manager and will be accountable for reception and switchboard service to all internal and external clients as well as building a positive image of the company. |
| LOCATION | The position will be based in Heilbron, South Africa. |
| REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING | Grade 12<br>Sage Pastel<br>Advanced computer literacy – MS Office |
| REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE | 2 years' experience in relevant position |
| KEY PERFORMANCE AREAS | • Receiving and forwarding incoming calls.<br>• Updating and distributing telephone list<br>• Receiving visitors and ensuring they reach their destination.<br>• Arrange meals for the visitors.<br>• Input of weekly data figures as well as gas and paraffin readings.<br>• Purchasing and managing office supplies and groceries.<br>• Managing the leave register.<br>• Input of creditors invoices into Pastel<br>• Reconciling supplier statements.<br>• Supervision and control over couriers and company vehicles.<br>• Any other tasks assigned to the position from time to time |
| COMPETENCIES | • Microsoft Office.<br>• Strong Excel Skills essential.<br>• Sage Pastel<br>• Knowledge and competence in handling the switchboard<br>• Fully bilingual |
| BEHAVIOURAL COMPETENCIES | • People skills.<br>• Accuracy and Attention to detail.<br>• Maximising performances.<br>• Result driven.<br>• Ability to work independently and as part of a team.<br>• Live the Company's values. |

**Closing date: 8 December 2025.**
**Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Greyling**
**Tel: 058 852 3068 E-Mail: riana@pakworks.co.za**

PAKWORKS



OK MiniMark

**VAKATURE**
**OK MINIMARK HEILBRON**

**'n Senior administratiewe / bestuurs pos is beskikbaar.**

**Aansoekers moet:**
1. Goed rekenaar geletterd wees
2. Kennis hê van kantoor en personeel administrasie
3. Goeie kliëntediens kan lewer
4. Bereid wees om in kleinhandel (retail) te werk

Die nodige opleiding sal verskaf word.

'n Goeie salaris en aangename werksomstandighede wag op die suksesvolle kandidaat.

Slegs skriftelike CV's sal ontvang word en kan by die kiosk ingehandig word of gestuur word na: admin7@okbultfontein.co.za

**Aansoeke sluit 12 Desember 2025.**

# HERALD Sport

# 2026 lyk na 'n blink jaar vir die Heilbron Gholfklub



*Jackie Leonard se wenspan*

Die afgelope Saterdag is die jaarlikse Prestigedag gespeel, saam met die tradisionele wedstryd tussen die Oud-Presidente en die span van die huidige president. Die span van Jackie Leonard het uiteindelik met 320 punte gewen teen die presidentspan van Willem Loots, wat 308 punte aangeteken het.

Die komitee-herorganisasie is ook afgehandel. In die finaal van die putjiespel het Jackie Leonard as wenner uitgetree in 'n uitstekende wedstryd teen Steve Maloka.

Die nuutverkose president, Rikus van Rooyen, het verder aangekondig dat daar vanaf volgende jaar maandelikse Borgdae aangebied sal word — 'n nuwe toevoeging wat beloof om 2026 een van die mees opwindende jare nóg vir die klub te maak.

Belangrike datum: Op 6 Desember hou die klub sy jaarlikse afsluitingsdag. Kersvader sal ook sy draai daar maak en lekker geskenkies vir die kinders uitdeel. Ná die gholf gaan almal heerlik saamkuier om die jaar op 'n hoë noot af te sluit.


*Die nuwe komitee is: Klubkaptein: Willem Loots, Visepresident: Pieter van Staden, President: Rikus van Rooyen, en Tesourier: Annemarie Hayward.*

# Mans presteer by NFS Viere

Die afgelope Saterdag het die Noord Vrystaat Viere te Kroonstad plaasgevind. Heilbron Rolbalklub se mans het puik presteer en het silwer medaljes verower. Die rolbal was van hoogstaande gehalte en om in die finaal te kom moet 'n span 4 wedstryde wen. Hierdie span het geen wedstryd verloor nie en is onoorwonne deur na die finaal wat dit 'n merkwaardige prestasie maak.


*Op die foto v.l.: Edward Muller, Johnny Fourie, Bennie Steenkamp en Jurie Jonker.*

BKB
The Trusted Name of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 1 DESEMBER 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DINSDAG - 2 DESEMBER 2025
LUNEBURG/UITHOEK BV Halfjaarlikse veiling
Kontak Mollie Mentz 083 229 2500

WOENSDAG - 3 DESEMBER 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

DONDERDAG - 4 DESEMBER 2025
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

VRYDAG - 5 DESEMBER 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

BOERE BANDE
Our quality is our pride
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

Cobus van Wyk
Oogkundiges | Optometrists
067 333 2551
058 853 1156
Shop 4, Wentworth Square, Heilbron
E-Mail/E-Pos: cobusvwoog.heilbron@gmail.com

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING